



Ons Hoop

Ons Hoop Meisieskoshuis

Waar meisies ware dames word

4 Desember 2019

Geagte Ouers/Voogde

ONS HOOP JAARVERSLAG 2019

Aan die einde van 'n geseënde en besige jaar, is dit vir my 'n voorreg om die volgende jaarverslag aan u voor te hou.

1. OUERBETROKKENHEID/KOSHUISKOMITEE

'n Besondere woord van dank aan die 2018/19 komitee wat met groot ywer en entoesiasme hulle taak verrig het om Ons Hoop na groter hoogtes te lei. Baie geluk aan die volgende ouers wat verkies is tot die Koshuis Komitee vir 2019-2020. 'n Ons wens vir hulle sterkte toe met hierdie belangrike taak wat vir hulle wag. Hulle is:

Elma Scholtz	Sel. 082 876 4268	Ingred Scholtz – President Ons Hoop
Mariska Badenhorst	Sel. 083 4158 084	Marli Badenhorst – Visepresident Ons Hoop
Petro Harmse	Sel. 084 232 0134	Annika Harmse – Studenteraad 2020
Marietjie Nel	Sel. 072 304 0499	Marijke Nel – Studenteraad 2020
Monica Leepile	Sel. 072 441 0105	Lesego Leepile – Studenteraad 2020
Yolindi De Beer	Sel. 079 496 7868	Yohandi de Beer – Studenteraad 2020
Franci Heath	Sel. 083 384 2415	Shaney Heath – Studenteraad 2020
Jana Schmulian	Sel. 073 422 8890	Marike Schmulian – Studenteraad 2020
Ronel van Tonder	Sel. 083 629 5763	Chrisné van Tonder – Studenteraad 2020

Bg komitee bestaan uit die verkose studenteraad se ouers, maar ek wil 'n beroep op elke ouer doen om op enige wyse by die koshuis betrokke te raak. Ek doen 'n beroep op u dat indien u enige projek, idee, eie kundigheid in 'n bepaalde area of fondsinsameling geleentheid identifiseer dit graag met ons te deel. Ons word graag deel van jou idee tot voordeel van ons dogters.

2. PERSONEEL

Ons diensdoenende personeel vir 2020:

Senior Huismoeder: Magriet Pyper

Maandag:	Carina Uys
Dinsdag:	Esmé Oosthuizen
Woensdag:	Luné van Rooyen
Donderdag:	Delanie Herbst
Hulpdien:	Elise Swart
Hulpdien:	Megan St Claire-Whicker

Ons sê ook welkom aan juffrou Megan St Claire-Whicker, sy is die nuwe IT juffrou by Volkies en woon in Karee koshuis.

Kombuispersoneel: Annamarie du Plessis
Ansie Janse van Vuuren

3. KOSHUISGETALLE

Ons koshuisleerders bly ons belangrikste bemarkers van ons koshuis. Hoe meer leerders ons in die koshuis is, hoe makliker is dit om die begroting te laat klop en daardeur nuwe projekte te loods om dit nog meer huisliker vir u kind te maak. Dit is vir my uiters belangrik dat elke dogter in eie reg gelukkig in die koshuis sal wees en daarom wil ek u as ouer uitnooi om van my "oopdeur" beleid gebruik te maak. U kan ten alle tye my kontak oor enige probleme of bekommernisse wat u na aan die hart lê. Positiewe kommentaar is ook altyd welkom want dan weet ons ons is op die regte pad met die koshuis.

4. VOEDSEL ONS HOOP

Ons vra asseblief dat indien u of u dogter enige navrae of probleme rondom die voedsel ervaar u dit onmiddellik onder my aandag moet bring. Binne 'n bepaalde begroting probeer ons altyd om die beste kwaliteit voedsel voor te sit. Ons wil u as ouer uitnooi om hierby betrokke te raak en daarom verwelkom ons nuwe resepte en aanbevelings rondom die kos. Stuur asb. vir ons nuwe resepte wat ons jongmense sal geniet. Ons tannies in die kombuis hou daarvan om nuwe resepte op die proef te stel.

5. KOSHUISGELDE 2020

Die Finansiële Komitee het die koshuisgelde vir 2020 vasgestel op R7 250 per kwartaal. Die koshuisgeld is slegs met 3.5% verhoog en daarom word verskeie fondsinsamelingsgeleenthede gehou om sodoende u as ouer te help om die begroting te laat klop.

6. BANKBESONDERHEDE

Koshuisgelde kan nog steeds per internetbetaling gedoen word. Let asseblief op dat ons van bank verander het, maak dus asseblief van die volgende bankbesonderhede gebruik:

Bankbesonderhede van die koshuis:

Bank: FNB
Rekeninghouer: Ons Hoop Koshuis
Rekeningnommer: 6279 265 1070
Takkode: 250655

7. EKSAMEN

Die dogters het regtig hard geleer die afgelope eksamen en verdien 'n heerlike lang vakansie. Baie geluk aan al Ons Hoop se dogters met julle pragtige uitslae, ons is so trots op julle!!!

8. FONDSINSAMELING 2019

Baie dankie aan elke ouer wat ruim bygedra het om van ons Ma-en-dogteraand en gholfdag 'n reuse sukses te maak. Ons waardeer elke ouer se besondere bydrae en betrokkenheid by die geleentheid tot voordeel van u kind.

9. SANTA SHOEBOX-PROJEK, BOERVROU-PROJEK EN PAWS

Onder leiding van juf. Esmé Oosthuizen het Ons Hoop hierdie jaar aan verskeie gemeenskapsprojekte deelgeneem. Met die fokus "eerder te gee as om te ontvang" het die dogters met groot geesdrif uitvoering aan die projekte gegee. Ons was betrokke by 'n kersfeesprojek vir minderbevoorregtes asook 'n Karoo-droogte projek om ander mense se harte warm te laat klop. Die koshuis was selfs betrokke by Paws die voormalige DBV in Potchefstroom.

10. HITTEPOMPE

Ons poog deurgaans om kostes in en om die koshuis so laag as moontlik te hou en daarom het ons alle koshuisgeysers vervang met hittepompe wat 'n reuse verskil maak op ons kragrekening.

11. SONKRAG/WATERPROJEK

Soos u weet is die uitgawes op munisipale dienste baie duur en daarom oorweeg ons dit om oor te beweeg na sonkrag en boorgatwater. Ons is tans in die beplanning- en navorsingsfase omdat daar bepaalde wetgewing is indien ons van dit wil gebruik maak. Die skool beskik oor twee baie sterk boorgate en die water is reeds deur Randwater getoets met die nodige aanbevelings om dan nie meer van die munisipale water gebruik te maak nie. Ons hou u op hoogte met die vordering van die projek.

Na besoek aan die munisipaliteit, het hulle die elektrisiteitspiektydtabel aan ons verduidelik en daarom in samewerking met die NWU se ingenieursfakulteit is ons besig om 'n elektrisiteitsverbruiksanalise rondom sonkrag te doen.

12. KOSHUIS SNOEPIE

Die koshuissnoepie word elke jaar op tender uitgegee vir die dogters sodat hul bietjie hul sakevernuf kan beoefen. Die snoepie word vir 2020 aan Mahné Gnäde graad 10 gegee. Baie geluk ons sien uit om aan jou lekker eetgoed te smul.

13. INDUSTRIËLE GASSTOOF VIR KOMBUIS

Ons het belê in 'n gasstoof vir die kosbuis om krag te bespaar.

14. BESPROEING

Nuwe besproeiing is rondom die swembad en by juf Carina se woonstel aangelê.

15. ONS HOOP-INGANG

Die skool is tans besig met die opgradering van die terrein. Die koshuis het onderneem om die hek aan die agterkant van die koshuis oor te doen om sodoende die veiligheid van u dogter te verseker en die ingang te laat aanpas by die estetika van die skool. Die hek is ook toegerus met 'n kamera wat alle aktiwiteite en persone wat die terrein betree deurlopend monitor.

Gaan kyk asb op Ons Hoop se facebook die mooi foto's wat geplaas is van ons ingang wat oorgedoen is by die koshuis.

16. SOSIALE MEDIA

Ons leef in die elektroniese era waar die sosiale media nie beheer maar wel bestuur kan word. U moet asb deel word van Ons Hoop se facebookgroep sowel as die Instagramblad sodat u op 'n deurlopende basis die lief en leed van u dogter in haar "tweede huis" deur die jaar kan ervaar. U sal die voorreg beleef om Donderdagaand se informele braaivleis by die swembad en lapa te beleef asook spesiale geleenthede soos die Valentyns- en Kersfeesete met geskenke ens. ens.

17. KOSHUIS HEROPEN

Die koshuis heropen vir 2020 op Dinsdag 14 Januarie 2020 om 07:30. Alle leerders moet om 12:00 terug wees vir 'n algemene koshuisvergadering wat gehou sal word. 'n Ken-mekaar-aksie sal daarna gehou word. Ons wens vir u en u gesin 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedig 2020 toe.

Mag 2020 'n wonderlike jaar vir Ons Hoop en u dogter wees om saam as opvoedingsvennote gehoor te gee aan die koshuis se leuse "Waar u dogter 'n ware dame word".

Ons Hoop groete

MAGRIET PYPER
SENIOR HUISMOEDER (ONS HOOP)



Hoër Volksskool Potchefstroom Privaatsak X227 Potchefstroom 2520

Tel : 018 - 2945287/8 ; Faks : 018 - 2973582 ;

E - Mail: volkies.potch@freemail.absa.co.za

Ons Hoop is my trots